**Departement stel boek bekend oor die geskiedenis van Afrikaans-Nederlands aan die UV**

Deur Leonie Bolleurs

Die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die Universiteit van die Vrystaat (UV) het onlangs die boek Van toeka af die toekoms in. Die geskiedenis van Afrikaans-Nederlands aan die Universiteit van die Vrystaat, 1918-2023 bekend gestel. Die geleentheid is by die Brandkop-landgoed in Bloemfontein gehou – in die struktuur wat in 1919 gebou is, die jaar ná die totstandkoming van die eerste Afrikaans-departement aan ’n universiteit.

Prof DF Malherbe is in 1918 as die eerste professor in Afrikaans aangestel. Hy het ’n sleutelrol gespeel in die vestiging van Afrikaans as ’n akademiese dissipline in Suid-Afrika. Dit is ook sy handskrif wat op die voorblad van die boek verskyn en verklaar dat studente toegelaat word om Afrikaans as medium vir alle eksamens aan die Universiteit van Suid-Afrika te gebruik.

**’n Trotse geskiedenis**

Die idee vir die boek is gebore net nadat die departement in Maart 2020 ’n baie positiewe eksterne evaluering ontvang het, sê die Departementshoof, prof Angelique van Niekerk. Met moed en selfvertroue het hulle in 2021 tydens ’n departementele vergadering besluit om die departement se geskiedenis te dokumenteer en as ’n boek uit te gee. Wyle prof Jaap Steyn (voormalige kollega en navorsingsgenoot), bekend vir sy vakkundige navorsing oor die geskiedenis van Afrikaans, is genooi om deel te wees van die redaksiespan. Hy het hieraan gewerk totdat hy in September 2021 oorlede is.

Die boek bevat ook ’n deel oor die afdelings vir Duits en Frans. Die drie afdelings het in 1998 saamgesmelt om een departement te vorm.

Verskeie oudkollegas het die boekbekendstelling bygewoon, onder wie prof Hennie van Coller, prof Anthea van Jaarsveld, prof Theodorus du Plessis, dr Annette de Wet, Irma Loock en Hesma van Tonder (wat saam met kollega Lee Goliath hulp en ondersteuning verleen het met die boek). Navorsingsgenote Corrie Geldenhuys, Anton Roodt en Marietjie Lambrechts was ook teenwoordig. Verteenwoordigers van die departementele adviesraad en NALN het ook die geleentheid bygewoon, asook prof Victor Teise van Sol Plaatje-universiteit.

Die oudste kollega teenwoordig was prof Johan Lubbe wat in 1969 in die departement begin werk het, en die mees onlangse toevoeging tot die departement was Lize Botha. Sy is in 2021 as akademiese assistent vir die afdeling Duits aangestel.

’n Onderhoud wat gevoer is deur dr Francois Smith, Senior Dosent in die departement, het lig gewerp op die voorbereiding van die boek. Hy het met die kerngroep gesels wat nou betrokke was by die samestelling van die boek, onder wie prof Van Niekerk (mede-outeur), prof Henning Pieterse (mede-outeur) en Corné Richter, navorsingsassistent. Ook teenwoordig by die geleentheid was Ria Müller, die suster van wyle prof Steyn.

Talle staaltjies is in hierdie onderhoud gedeel oor die ervarings en gebeure wat ontvou het tydens die tweejaarlange proses om die boek saam te stel. Die vurige debatte oor die gebruik van leestekens soos die komma, die herhaalde en dikwels hardop lees van die boek om foute te vermy en die uiteenlopende – dikwels humoristiese – benaderings tot die insameling van materiaal vir die boek, is uitgelig.

Die skrywers het gesê hulle is trots om deel te wees van hierdie geskiedenis en dat die departement se historiese agtergrond duidelik ook gekoppel is aan dié van Afrikaans, Nederlands (Hollands), asook dié van die Universiteit van die Vrystaat.

**Erkenning**

Spesiale melding is gemaak van die eerste kritiese leser, prof Bernard Odendaal, en die twee eksterne resensente, prof Fransjohan Pretorius en prof Wannie Carstens, soos blyk uit die agterblad van die boek.

Die naskrif in die boek gee ’n lys van erkenning aan verskillende mense en entiteite wat bygedra het tot die publikasie, waaronder die Direktoraat vir Institusionele Navorsing en Akademiese Beplanning (DINAB), die UV se Departement Menslike Hulpbronne, Biblioteek- en Inligtingsdienste, NALN, asook die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.

**’n Veranderde landskap**

Hulle is ook trots op die departement se alumni. In elkeen van die hoofstukke word die ‘stemme’ van ’n steekproef van bekende oudstudente (baie ook skrywers) deur die geskiedenis heen gehoor. Individue soos Dolf van Niekerk Jaco Jacobs, Riana Scheepers, Sophia Kapp, Ilne Fourie, Gert Coetzee en talle ander deel stories oor hul studies in die departement.

Prof Van Niekerk sê sy het verwag dat hierdie reis vervelig sou wees. “Maar dit was baie interessant om te sien hoe die landskap en die wêreld verander het deur bronne soos departementele notules, (Die) Bult-tydskrif, en UV-reëlboeke sedert 1922 te lees.”

“Ons het veranderinge in personeel- en studentesamestelling gesien. Ons kom byvoorbeeld by ’n punt waar ons minder Afrikaans-huistaalsprekers in die departement het as wat ons 10 jaar gelede gehad het. Nogtans het ander gebiede groei getoon, soos die modules vir gesprekstale – waaronder Afrikaans as gesprekstaal en die MA in Kreatiewe Skryfwerk.”

“Om tred te hou met moderne tye vereis onder meer die aanpassing van kursusinhoud om nagraadse modules oor taal en tegnologie by te voeg,” het sy gesê. “Namate ons by hierdie veranderinge aangepas het, het daar nuwe groei in die departement plaasgevind,” het sy bygevoeg.

- Die boek is beskikbaar op Naledi Uitgewers se webwerf. Dit sal later ook in uitgesoekte boekwinkels in Bloemfontein beskikbaar wees.